
# Die Wellingtonse Klopse

Naam:

**Kyk mooi na die volgende boekomslag en beantwoord dan die vrae:**




1. Wie is die skrywers van die boek?

______________________________________________

______________________________________________

2. Wat is die titel van die boek?

______________________________________________

______________________________________________

© e-classroom

3. Vertel die titel en prent van die boekomslag vir jou waaroor die boek gaan? Gee 'n rede vir jou antwoord.

4. Watter van die volgende woorde beskryf die boek die beste? Bespreek die betekenis van elkeen van die woorde en maak seker dat jy die woorde in 'n sin kan gebruik.[1]

| | | | |
|---|---|---|---|
| a) geskiedenis | b) tradisie | c) fees | d) hartseer |
| e) kleurvol | f) dans | g) 100 jaar | h) liedjies |
| i) Maart | j) stories | k) Januarie | l) politiek |

5. Watter onderwerp sal hier bespreek word? (Kies die regte antwoord(e).)
   a) 100 jaar van Klopse tradisie
   b) Sambrele
   c) Klopse stories
   d) Musiekinstrumente

**Lees die volgende gedig hardop saam met 'n maat.**

## Kom jol nou

Dis die nuwe jaar,
bas en kitaar,
banjo en mandolien
kan jy nou orals sien.
Kom jol 'n bietjie saam.
Boem, boem, boem, boem
speel die bas nou daar.
Zoem, zoem, zoem, zoem
sing die kitaar,
tangelang, tangelang,
hoor die ou banjo,
tiengelieng, tiengelieng
sê die mandolien.



1 *Laat leerders meer uitvind oor die Klopse en hoe die tradisie ontstaan het.*